**BEREA – REEKS (Hand.17:11) #30**

# VROU IN DIE AMP EN HOMOSEKSUALISME

**Sentrale stelling**
Onderliggend aan die homoseksuele agenda en die VIDA agenda (VIDA = vrou-in-die-amp) is die doelbewuste/ondoelbewuste (kundige en/of onkundige) verwerping van God se skeppingsordening soos geopenbaar in Gen.1 en 2 (waarvan die implikasie is dat God as Skepper verwerp word, en sy waarheid/woord verruil word vir die skepsel en die leuen, Rom.1:18 ev).

Die verwerping van God en sy Woord op watter manier ookal (direk of indirek), lei tot die omverwerping van sy skeppingsorde, daarom die homoseksuele *gevolg* in Rom.1:26,27, dat alles wat natuurlik is nou onnatuurlik word [<u>Nota</u>: met '(teen) die natuur' in Rom.1:26,27 bedoel Paulus in stryd met God se skeppingsordeninge van Gen.1 en 2, waarna Paulus direk/indirek verwys in 1 Kor.11:3; 14:34; 1 Tim.2:11-15]

**Stelling 1**
1. VIDA leer dat 'geslag maak nie saak/speel nie 'n rol/is nie bepalend' vir wie in die besondere ampte mag dien nie. Sien die 'Slotsom van 10.14.5.1a', GKSA sinode 2009 se Handelinge, bl.663: "Lidmate wat andersins kwalifiseer kan –***ongeag geslag*** – tot die besondere dienste verkies/beroep en daarin bevestig word' [kursief en beklemtoning bygevoeg].

Hierdie standpunt sal wel nog glo, alhoewel inkonsekwent, dat 'geslag' wel 'n rol speel in huwelik en gesin.

**Stelling 2**
Homoseksuele apologete sê ook dat 'geslag' nie 'n rol speel in die kerklike dienste/ampte nie, maar gaan verder en sê dit speel ook nie 'n rol in die huwelik en gesin nie (sien die onlangse debatte in die *Beeld* oor die onderwerp, Nov/Des 2011). Dus, 'alternatiewe vorme' van huwelik, gesin en wie almal in die besondere dienste mag dien word verwelkom.

**Stelling 3**
Albei groepe is dus verenig daarin dat geslag nie 'n rol speel nie, maar VIDA wil dit beperk tot die kerk, terwyl die homoseksuele agenda dit orals wil laat geld. Laasgenoemde is konsekwent in hul verwerping van God se 'verordeninge' (Rom.1:32), daarom dat hulle alle orde van God, ook die skeppingsorde omver werp.

**Stelling 4**
Daarteenoor, teen beide groepe, leer Paulus dat 'geslag' wel 'n bepalende rol speel in die oorweging van die besondere dienste, wanneer hy hom in 1 Tim.2:11-15

beroep op die skeppingsordening van Gen.1 en 2 om te bepaal 'wie' in die ampte mag dien en wie nie. Dieselfde wat die huwelik betref, hy beroep hom op die skeppingsordening van Gen.2:24 in Ef.5: 31 om die huwelik tussen man en vrou te begrond. Sien ook 1 Kor.11:3 en 14:34.

**Stelling 5**
Ook Christus beroep Hom op Gen.1:26,27 om die huwelik tussen een man en een vrou (lewenslank) te begrond, in Matt.19:4,5. Dus, terug na God se skeppingsorde, kontra homoseksuele en/of androgene (geslaglose) verhoudings.

**Stelling 6**
Geslag (die skeppingsordening van 'man en vrou het Hy hulle geskape', Gen.1:27) is bepalend vir die inrigting van beide huwelik, gesin en gemeente, en het ook implikasies vir die hele lewe (sien "Politieke + kerklike stemreg = VIDA, hier: **http://bit.ly/zwnwyY**). Die Skrif leer dat man en vrou gelyk in waarde en wese is, geskape na sy beeld (Gen.1:26), gelyk verlos word in Christus (Gal.3:28), maar dit hef nie die onderskeid op *wat God* daar gestel het nie: 'man *en* vrou het Hy hulle geskape' (Gen.1:27).
[Nota: daarom is die debat oor die letterlikheid/historisiteit vs die saga/mite/figuurlike siening van veral Genesis 1 tot 3 van wesentlike belang nie net vir ons hele geloof en verlossingsleer nie, maar ook vir die VIDA en homoseksuele debat, want as Gen.1-3 (en dus die skeppingsorde) nie werklike gebeure en geskiedenis is nie, val al Jesus, Paulus en ander bybelse skrywers se beroep op die - skeppingsordening/'natuur'/Gen.1-3 - heeltemal in duie, en dan kan die gelowige/Christelike kerk ... in die woorde van Ps.11:3 ... niks meer doen of glo nie]

**Stelling 8**
Onderliggend aan die homoseksuele agenda se openlike en die VIDA agenda se subtiele verwerping van God se skeppingsorde, is myns insiens die gnostiese dwaling dat die 'vlees' d.w.s. 'geslag' nie meer belangrik is of bepalend is vir ons onderskeie roeping en take nie, terwyl die bybels-gereformeerde geloof nog altyd geleer het: *die genade (Christus) hef nie op, of vernietig nie die natuur (skeppingsordening) nie, maar heilig dit tot sy diens en eer.*
Die feit dat Christus 'vlees' geword het (Joh.1:14), dat Hy 'fisies' opgestaan het (Luk.24:39) bevestig dat 'geslag/natuur' belangrik is vir God. Daarom, sodra die Skepper-skepping/skepsel onderskeiding wegval (wat kenmerkend is van alle valse gelowe en ketterse groepe in die kerkgeskiedenis), dan begin alle skeppingsonderskeidinge wat Hy daar gestel het, ook weg te val, deur die mens wat die Skepper verruil het vir die skepsel/mens/kosmos om aanbid te word (Rom.1:24ev). Die probleem is nié om man of vrou (vlees) te wees nie, maar wanneer ons ongehoorsame mans en/of vrouens is, wanneer ons ons vergryp aan 'n plek/roeping/taak wat die Here ons nie beveel het nie, wat eiewillige godsdiens is wat die Here verwerp (1 Sam.15:22,23; 1 Kron.12:31; sien HK v/a 96).

**Stelling 8**
Op my pro regno blog (www.proregno.wordpress.com) het ek dan ook geskryf oor die Marcionistiese dwaling wat 'n impak het op die VIDA en homoseksuele debat: "Marcion, VIDA en Marcionisme vandag": http://wp.me/pM9VW-oN. Hier is die konklusie:

> "… die gnostieke, marcionisties-dualistiese dwalinge van die eerste eeue, is nog lewendig, baie lewendig in die kerke vandag. Die Here het in sy raad en wysheid bepaal dat liefdevolle leierskap en gesag aan die man sal behoort wat aan die vereistes van die Skrif moet voldoen. Daar is 'fisiese' en 'geestelike' vereistes, 'natuur én genade' vereistes, soos ons dit lees bv.in 1 Kor.11:2,3; 14:34-40; Ef.5:21-33; 1 Tim.2:11-15, 1 Tim.3; Tit.1, ens. Die 'evangeliese marcionistiese feministe' (König en kie) stel die genade *teenoor* die natuur, as hul beweer dit gaan net oor 'geestelike vereistes' en nie 'natuurlike vereistes' nie. Nee, dit is **albei**, soos die Vader van die OT en NT dit bepaal het, en soos sy Seun dit bevestig het." (Matt.19:4; 1 Kor.11:3; 14:34; Ef.5:21-32 en 1 Tim.2:11-15 gelees in die lig van 1 Kor.1:1; Ef.1:1 en 1 Tim.1:1)

**Stelling 9**

Sien die werke van dr. Peter Jones, wat 'n groot kenner is op hierdie gebied, hoe die Gnostiek en oeroue kerklike dwalinge nou herleef in neo-paganisme, dit alle verhoudings tussen man en vrou beïnvloed, en wat dan ook wys hoe VIDA eindig in homoseksualisme goedkeuring, sien veral sy werke 'The God of Sex' and 'One or Two': http://truthxchange.com/books/

**Stelling 10**
Alhoewel die geskiedenis nie finaal bepalend is vir ons leerbesluite nie, is dit 'n feit wat nie ontken kan word nie, dat die oorgrote meerderheid kerkverbande wat VIDA toelaat, later ook homoseksualisme goedkeur, 'n paar voorbeelde is bv.:

10.1 die GKN in Nederland, die CRCNA van Amerika, en dan natuurlik die NGK in SA (in die proses), aldrie het beweeg van VIDA aanvaarding na homoseksuele aanvaarding in 'n mindere en meerdere mate (Wie is ons Doppers om te dink dat, veral as ons met dieselfde hermeneutiese vertrekpunte werk, nl. God se skeppingsorde: 'geslag maak nie saak nie', dat ons nie ook daar gaan eindig nie?).
10. 2 sien dr. Wayne Grudem se artikel, "The finale step: approval of homosexuality" in enige van sy twee werke: "Evangelical Feminism – A New Path to Liberalism? of 'Evangelical Feminism and Biblical Truth', asook David W. Jones se artikel: Egalitarianism and Homosexuality: Connected or Autonomous Ideologies? Dr. Grudem se werke kan hier afgelaai word: http://bit.ly/8n8aMA
Hier is 'n paar aanhalings uit bogenoemde artikels/boeke:

> "While not all egalitarians are liberals, all liberals are egalitarians. There is no theologically liberal denomination or seminary in the United States today that opposes women's ordination. Liberalism and the approval of women's ordination go hand in hand. Does it seem likely that all of the liberal churches who no longer believe the Bible have suddenly gotten the interpretation of the Bible regarding men's and women's roles exactly right, and

that the most conservative churches who hold strongly to biblical inerrancy have gotten it exactly wrong? And does it seem likely that as soon as a denomination begins to abandon belief in inerrancy it suddenly discovers new skill and accuracy in interpreting the Bible on the roles of men and women so that it finally arrives at the correct answer?
In fact, the methods that evangelical feminists use today to interpret away the teachings of Scripture on male leadership in the home and the church are effectively undermining the authority of Scripture in their churches, and in that way they are contributing to a trend similar to step #1 above that was taken earlier by the more liberal churches."
"In fact, the slide from the acceptance of feminist-type arguments to the endorsement of homosexuality currently occurring in some Christian denominations follows a paradigm that is demonstrable in secular culture, as well. In light of the historical record, then, it seems that to deny the presence of this progression would be both irresponsible and irrational."
"The pioneers of evangelical feminism are liberal denominations. The arguments now being used by egalitarians were used by these liberal denominations when they were approving the ordination of women. Many of the current leaders of the egalitarian movement either advocate positions that undermine the authority of Scripture or at least advert and promote books that undermine the authority of Scripture and lead believers toward liberalism. The hints we now have of the doctrinal direction in which evangelical feminism is moving predict an increasing emphasis on an abolition of anything that is distinctly masculine. Egalitarianism is heading toward an androgynous Adam who is neithelr male nor female, and a jesus whose manhood is not important, it is heading toward a God who is both Father and Mother, and then only Mother: And soon the methods of evading the teachings of Scripture on manhood and womanhood will be used again and again by those who advocate the moral legitimacy of homosexuality."

**<u>Samevattende konklusies</u>**:
a. As VIDA apologete die ampte kwessie ***losmaak*** van Gen 1 en 2 (die skeppingsordening), d.w.s. dit bepaal nie meer ons kerkregering nie; dan is daar geen rede waarom die homo apologete ook die huwelik, gesin en die res van die lewe kan losmaak van Gen 1-2, die skeppingsordening nie. Dit is wat Paulus ons op wys wat gebeur as die Skepper en sy skeppingsorde losgelaat word, Rom.1:18-32.
b. As die GKSA God se ***duidelike*** bevel dat die vrou nie oor die man mag regeer of leer nie, verwerp, wat verhoed die GKSA om later nie ook die *duidelike* bevel - dat 'n man nie by 'n man mag lê soos by 'n vrou nie (Lev.18:22; Rom.1:27; 1 Kor.6:10; 1 Tim.1:10) - ook gaan verwerp ?
c. <u>Alles staan</u> en val by of 'geslag' (God se skeppingsorde vir die mens, man en vrou) en die huwelik nog steeds ***in Christus*** se koms en herstellende reddende werk vir die kosmos 'baie goed' (Gen.1:31) is of nie, en of Christus dit deur sy koms opgehef het (d.w.s. genade vernietig die natuur). VIDA en homo-apologete se 'ja' (tye het sogenaamd verander, ons het verder 'ge-evolueer'?); ***die ware gelowige en ware kerk van Christus*** bely 'nee', en deur God se genade in Christus handhaaf ons die skeppingsorde, heilig dit in sy diens, tot lof van sy Naam in beide gesin *en* gemeente *en* gemeenskap.

*<u>Vir verdere inligting</u>: Slabbert Le Cornu, (GK Carletonville) Tel & faks: 018 787 5444  Sel: 082 770 2669*
*E-pos: [proregno@gmail.com](mailto:proregno@gmail.com)  Sien ook artikels by: [http://proregno.wordpress.com/](http://proregno.wordpress.com/)*